**<u>Bepalings en Voorwaardes</u>**

**1. Die Kompetisie**

Die InFokus Fotografie-kompetisie ("die Kompetisie") word aangebied deur Die Groot Ontbyt, in samewerking met ORMS en SONY ALPHA Suid-Afrika.

**2. Wie mag inskryf?**

2.1 Die kompetisie is oop vir amateurfotograwe wat in Suid-Afrika of Namibië woon.

2.2 Professionele fotograwe wat hul primêre inkomste uit fotografie verdien, mag nie inskryf nie.

2.3 Deelnemers onder die ouderdom van 18 jaar moet toestemming van 'n ouer of wettige voog hê om deel te neem.

2.4 Werknemers, kontrakteurs, agentskappe en onmiddellike familielede van Die Groot Ontbyt, ORMS, SONY ALPHA Suid-Afrika, GROOTfm 90.5 en enige betrokkenes by die administrasie of beoordeling van die kompetisie mag nie inskryf nie.

**3. Inskrywings**

3.1 Elke deelnemer mag slegs een (1) inskrywing met een (1) foto indien.

3.2 Alle inskrywings moet voor die sluitingsdatum ontvang word – 24 Julie 2026 teen 12nm

3.3 Foto-inskrywings wat laat ontvang, onvolledige of korrup is, sal nie oorweeg word nie.

3.4 Die organiseerders behou die reg om enige inskrywing te diskwalifiseer wat nie aan die vereistes voldoen nie.

**4. Fotovereistes**

4.1 Die foto moet die deelnemer se eie oorspronklike werk wees.

4.2 Die deelnemer moet alle regte op die foto besit.

4.3 KI-gegenereerde of hoofsaaklik KI-gemanipuleerde fotos word nie toegelaat nie.

4.4 Basiese redigering of aanpassings in terme van kleur, blootstelling, uitsny of verskerping sal toegelaat word.

4.5 Die foto mag nie enige kopiereg, handelsmerk of intellektuele eiendomsreg van 'n derde party skend nie.

**5. Beoordeling**

5.1 Alle geldige inskrywings sal deur 'n beoordelaarspaneel aangewys word en deur die organiseerders beoordeel word.

5.2 Beoordeling sal gebaseer word op:

- Komposisie (“Composition”)

- Beligting en Tegniese Uitvoering (“Exposure & Technical Execution”)

- Velddiepte en Fokus (“Depth of Field & Focus”)

- Storievertelling en Emosionele Impak (“Storytelling & Emotional Impact”)

- Onderwerp en Oomblik (“Subject & Moment”)

5.3 Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

**6. Pryse**

6.1 Die pryse sal toegeken word soos deur die organiseerders aangekondig.

6.2 Pryse mag nie vir kontant verruil, oorgedra of omgeruil word nie.

6.3 Prysbeskrywing:

1ste Prys Wenner: Sony Alpha A7 V Camera Body + Sony FE 70-200mm f/2.8 GM OSS II Lens – Ter waarde van  ongeveer R119 590

2de Prys Wenner: Sony x ORMS geskenkbewys, ter waarde van ongeveer R15 000

3de Prys Wenner: ORMS Print Room-geskenkbewys, ter waarde van ongeveer R8 500

Kykerskeuse Wenner: Sony ZV-E10 Creator Kit – ter waarde van ongeveer R29 995

Kiesersprys: Sony ZV-E10 Creator Kit - ter waarde van ongeveer R29 995

**7. Aankondiging van Wenners**

7.1 Wenners sal telefonies en/of per e-pos gekontak word.

7.2 Indien 'n wenner nie binne 5 werksdae reageer nie, behou die organiseerders die reg voor om 'n alternatiewe wenner aan te wys.

**8. Gebruik van Foto's**

8.1 Deur deel te neem, verleen deelnemers aan Die Groot Ontbyt, ORMS en SONY ALPHA Suid-Afrika 'n nie-eksklusiewe, wêreldwye, tantiemvrye lisensie om die ingediende foto's te gebruik vir:

- Bemarking van die kompetisie;
- Sosiale media;
- Televisie-uitsendings;
- Webwerwe;
- Nuusbriewe;
- Redaksionele en promosionele doeleindes.

8.2 Waar prakties moontlik, sal erkenning aan die fotograaf gegee word.

**9. Beskerming van Persoonlike Inligting**

9.1 Persoonlike inligting sal uitsluitlik gebruik word vir die administrasie van die kompetisie en verwante kommunikasie.

9.2 Alle persoonlike inligting sal hanteer word in ooreenstemming met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA).

**10. Algemene Bepalings**

10.1 Die organiseerders behou die reg om die kompetisie, indien nodig, te wysig, op te skort of te kanselleer.

10.2 Deur deel te neem bevestig deelnemers dat hulle hierdie Bepalings en Voorwaardes gelees, verstaan en aanvaar het.

10.3 Hierdie kompetisie word beheer deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

---

**Sluitingsdatum:** 24 Julie 2026 teen 12nm

**Wenners aangekondig:** 19 Augustus 2026 op Die GROOT Ontbyt, kykNET, kanaal 144 en kykNET & Kie, kanaal 145